

Saterdag 20 Augustus

Skrifgedeelte: Psalm 97:1-12

Fokusgedeelte: Psalm 97:7-12

O regverdiges, wees bly in die HERE; loof die regverdige Koning wat jou bewaar!

So maklik kyk ons vas in al die onreg rondom ons. Mense wat ons benadeel of wat selfsugtig optree. Dit kan ons vinnig moedeloos laat. Hoe lank nog moet ons bid dat reg en geregtigheid sal geskied, só dat daar 'n bevredigende uitkoms sal wees? Te midde van dit alles, herinner Psalm 97 ons dat die HERE se koningsheerskappy ewig is. Hy is die enigste Koning wat as regverdige Regter sal oordeel, maar Hy as Verlosser sal die siele van sy gunsgenote bewaar.

Sy almagtige teenwoordigheid word beskryf met elemente in die skepping:

- “Wolke en donkerheid is rondom Hom” (vs 2);
- “'n Vuur gaan voor sy aangesig uit” (vs 3);
- “Sy bliksems verlig die wêreld” (vs 4);
- “Berge smelt weg soos was” (vs 5).

Gelowiges word opgeroep om in hulle omstandighede in geloof te fokus op Wie die HERE is. Sy teenwoordigheid getuig van 'n asemrowende en angswekkende almag. Openbaring 4 beskryf Hom op soortgelyke wyse: weerligte, donderslae en vuurvakkels. Hy is soewerein verhewe bo sy skepping – alle afgode moet voor Hom buig. Dít laat sy volk juigend wag op sy regverdige oordele wat vir seker sal kom.

O, liefhebbers van die HERE, bly op Hom wag vir sy toekomstige hulp en uitkoms. Hy is Koning oor die hele skepping. Dit is Wie ons Here Jesus Christus is, “die Hoof van alle owerheid en mag” (Kol. 2:10). Hy het gekom om te verlos elkeen wat Hom in geloof aanneem en in sy Naam glo (Joh. 1:12). “Hy red hulle uit die hand van die goddelose” (vs 10). Hy het reeds verlos, en Hy kom weer: “Kyk, Hy kom met die wolke, en elke oog sal Hom sien, ook hulle wat Hom deursteek het” (Op. 1:7). O regverdiges, wees bly in die HERE en loof die regverdige Koning wat jou bewaar!

Sing: Psalm 33-1:1, 4, 8, 10, 11

Ds. GJ Venter (Jonker) (Totiusdal)